## WOORD VOORAF

Kragtens die bepalings van die Universiteit van Pretoria én die ooreenkoms van ons Kerk met die Universiteit insake die Teologiese Fakulteit, tree Egge Simon Mulder (gebore in die Bethal-distrik op 13 Augustus 1905) aan die einde van 1970 op vyf-en-sestig-jarige leeftyd uit as professor in die Oud-Testamentiese Wetenskap, 'n amp wat hy vanaf 1956 beklee het.

Aangesien professor en mevrou Mulder nog aktief besig sal bly en selfs deeltyds as pastorie-paar beskikbaar sal wees, neem ons dus nie afskeid van hulle nie en gee ons hier geen volledige geskiedenis en evaluering van hulle loopbaan en werk in die Kerk nie, maar kyk ons net in dankbaarheid terug op professor Mulder se dienswerk tot op vyf en sestig jarige leeftyd.

As ons na die loopbaan van professor Mulder in die Kerk kyk, dan merk 'n mens in die eerste plek altyd sy noue verbinding (beide in sy denke én in die praktyk) met sy dienswerk as **pastor.** Selfs gedurende sy hele professoraat het professor Mulder op een of ander wyse 'n gemeente (of gemeentes) as pastor bedien. Vir hom was teologie geen abstrakte denke of spekulasie nie, maar het dit altyd kerklik gebonde gebly, was dit altyd gerig op die dienswerk (en veral die predikdiens) in die Kerk. Wat in die studeerkamer op streng wetenskaplike wyse bedink is, moes vir professor Mulder altyd in die prediking deur kon klink en moes die kerklike lewenspraktyk kon vorm. Die wetenskaplike publikasies van professor Mulder dra dan ook feitlik almal die stempel van hierdie gerigtheid; selfs sy proefskrif, wat 'n hoogstegniese werk was (en wat hy onder leiding van die baie bekende vakwetenskaplike professor Vriezen, voltooi het) het hy meermale gebruik as wetenskaplike voorbereidingswerk vir sy prediking.

Ek glo dat professor Mulder alleen sy wetenskaplike denkdiens, sy teologie só op die dienswerk in die Kerk kon toespits omdat sy teologie altyd getrag het om volkome bybels te wees. Beide in sy teologie én prediking was daar nooit verrassende nuwighede of spekulatiewe stellings en konklusies nie. Dit is só omdat professor Mulder hom altyd streng gehou het aan sy teks, die oorspronklike teks van die Bybel. Daarom word sy teologie en prediking veral gekenmerk deur noukeurige opbou en baie versigtige gevolgtrekkings en afleidings. Dit is die werk van iemand wat alreeds vroeg in sy lewe respek en liefde vir die oorspronklike teks van die Bybel geleer het en wat hierdie binding sonder voorbehoud aanvaar het. En vir die verstaan van hierdie teks waaraan professor Mulder hom so noukeurig gehou het, was hy uitmuntend gekwalifiseerd. Reeds in 1923, in sy matriekjaar, toon hy sy aanleg vir tale en verower hy eerste-

pryse onder andere vir Engels en Afrikaans. Aan die Universiteit was dit veral die semitiese tale en in die besonder Hebreeus wat hom geïnteresseer het. Vanaf so vroeg as 1929 doseer hy alreeds Hebreeus op Universitêre vlak, iets wat hy volgehou het ook tydens sy eerste studieverblyf in Nederland waar hy in 1939 met toestemming van die koningin aan die Lyceum te Bussum onderrig in die Hebreeuse taal gegee het en wat hy toe weer in die veertiger-jare aan die Universiteit van Pretoria deeltyds voortgesit het.

Teologie was vir professor Mulder in 'n seker sin altyd vertaalwerk: Eers noukeurig luister (met die fyn apparaat van die wetenskap) na die oer-oue boodskap van die Bybel; dan, nadat daar noukeurig geluister en verstaan is, dan is dit „vertaal" in die taal en situasie van vandag. Hierdie instelling hou verband met die gerigtheid van die teologie op die prediking in die denke en lewe van professor Mulder, maar dit verklaar ook sy belangstelling vir die vertaalwerk van die Bybel in Afrikaans. Alreeds vir baie jare het hy die Kerk gedien op die Vertalingskommissie van die Afrikaanse Bybel en ons vind dit 'n mooi afsluiting van sy werk dat hy ná sy professoraat minstens die helfte van sy tyd voltyds vir hierdie werk namens ons Kerk beskikbaar kan stel.

Wie op bogenoemde wyse met die Bybel omgaan, ondergaan dan ook die invloed van die Bybel op sy styl van denke, beraadslaging en lewe — ry word 'n **hāqām** ('n „wyse", met alles wat dit inhou) en 'n **zakēn** ('n „oudste", met alles wat dit inhou). Hierdie voortreflike waardes (waaruit daar 'n groot rustigheid van denke, raad en lewe voortgevloei het) het professor Mulder nie net aan sy studente (én kerkrade) oorgedra nie, maar het hy ook in die praktyk ten dienste van die Kerk aangewend. Só het hy as rustige raadsman onder andere gesit op die Algemene Kommissie van ons Kerk, as eertydse Voorsitter van die Kuratorium, ook vir 'n tyd lank op die Raad van die Universiteit van Pretoria en as dekaan van die Teologiese Fakulteit (1960-1970).

Die Hervormde Teologiese Studies se sub-titel dui sy „rigting" aan, naamlik „ter bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie in Suid-Afrika." Ons glo dat dit uit bostaande duidelik is dat ons in die arbeid van professor Mulder, inhoudelik en metodologies, 'n mooi voorbeeld van hierdie rigting, „Bybels-reformatories" het. Daarvoor het ons groot waardering en sê ons dankie. Ons roep hom en mevrou Mulder toe: **sjalom!** Dit is 'n woord wat nie net in die Ou Testament 'n ryke betekenis het nie, maar wat onder andere ook by die geboorte van Jesus geklink het en meermale deur Jesus, ook as die opgestane Heer, as groet en as belofte gebruik is — **Sjalom!**

— B. J. Engelbrecht.